NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 15 APRIL 2004

1. OPENING

1.1 Die voorsitter, ds EGJ de G Schutte, lees uit Lukas 7 verse 18 tot 23.

1.1.1 Hy wys daarop dat Johannes die Doper 'n ander verwagting van Jesus gehad het. Johannes het verwag dat Jesus die kaf van die koring sou skei en dat Hy met beslistheid sou oordeel.Omdat dit nie gebeur het soos hy verwag het nie, begin hy twyfel. Johannes worstel met 'n geloofsvraag.

1.1.2 Jesus stuur Johannes se volgelinge terug met die boodskap dat hulle moet gaan vertel wat hulle sien gebeur: ".....blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig." Daar waar God aan die werk is, kom daar lewe, hoop en vreugde. Dit is die bewys dat Jesus die Christus is.

1.1.3 Dit moet vandag nog waar wees van die kerk van Christus. Die kerk is die draer van hoop en nuwe lewe in 'n stukkende samelewing. Die vraag is of dit vandag in ons kerke gebeur? Ons moet 'n missionêre kerk wees, 'n kerk wat 'n verskil maak in die wêreld waarin ons woon. Ons moet na buite gerig wees. Die kerk moet Jesus se oë, ore, hande en voete wees waardeur Jesus nog steeds in hierdie wêreld werksaam kan wees.

1.2 Die voorsitter gee geleentheid vir gebed.

1.3 Die voorsitter heet almal hartlik welkom en hy noem ook dat ds E H Ferreira se vrou, Linda, ongesteld is en dat dr Jan Viljoen ongesteld was.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJdeG Schutte – Voorsitter
Dr ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba (Verskoning)
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds MF Steyn
Ds CH van Heerden – DL Finansies
Ds EH Ferreira, die sekundus van die skriba, verskyn ter vergadering.

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.3 Op uitnodiging

Dr A Oliphant – DL Barmhartigheid (Verskoning)
Dr JD Prinsloo – DL Gemeentebediening (Verskoning)
Ds JH van Niekerk – DL Getuienis
Ds WP Petzer – DL Jeug
Dr JP Cloete – DL LAS (Verskoning)
Mev L Steyn – DL Vrouebediening
Prof PJ Naudé - Ad Hoc Projekbestuurder - Netwerk vir Navorsing (Verskoning)
Ds BIC Steyn - Ad Hoc Projekbestuurder - Gemeentedienste-Netwerk

2.4 Ordereëlings

Tee: 10:30
Middagete: 13:00

2.4.1 Goedgekeur

2.5 Reiskostevorms

2.5.1 Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Die sakelys word met die volgende sake / stukke aangevul:

5.1.6.1 Verslag van gesprek tussen die moderatuurslede en die leraars van Patmos. Bylaag V en V1

6.6 Beroepsontwikkeling.

7.2 Verslag DL Barmhartigheid - Bylaag U

11.2 Acrobat PDF-dokumente

13.1 Verslag Projekbestuurder NN - Bylaag R

15.1 Befondsingskedule - Bylaag S

16.1.1 Kontantvloei - Bylaag G1

18.5 Jaarboekgegewens - Bylaag Q

18.6 Afvaardiging na Algemene Sinode

18.7 Datum en plek van die SK se volgende vergadering

4. GOEDKEURING VAN NOTULE

4.1 SK Dagbestuur 2004-02-05 Bylaag A

4.1.1 Besluit: Die notule word goedgekeur. Algemeen.

5. SAKE UIT DIE NOTULE

5.1 SK Dagbestuur 2003-02-05 Bylaag A

5.1.1 Volmag aan SK-Dagbestuur om SK-

Notules goed te keur (pt 4.2.1)

5.1.1.1 Besluit: Staan oor na die volle vergadering van die SK wat gehou sal word op 13 Mei 2004.

5.1.2 Streekskonvent 2004 (pt 5.1.2)

5.1.2.1 Besluit: Die saak staan oor.

5.1.3 Verkoop van eiendomme (pt 5.1.3)

5.1.3.1 DA rapporteer dat die Sinodale Sentrum se okkupasiehuur ontvang word.

5.1.3.2 Die plaas te Hofmeyr se verkoopstransaksie is nou heeltemal afgehandel en die bedrag van R167,177 is by die beleggings van die Sinode inbetaal.

5.1.3.3 Okkupasiehuur van Lekkeroord ten bedrae van R15,726 is ontvang en die saak is ook afgehandel.

5.1.3.4 Besluit: Kennis geneem met dank.

5.1.4 Jaarlikse bydraes: NG Kerk van SA (pt 5.1.4)

5.1.4.1 Die DA rapporteer dat die rekening vir die jaarlikse bydrae ooreenstem met die bedrag wat die Sinode van Oos-Kaapland beskikbaar het om by te dra, nl. R155,056.

5.1.4.2 Die DA versoek dat die Moderatuur 'n bedankingsbrief aan ds Francois Cilliers stuur om ons waardering te betoon dat ons finansiële filosofie so positief ontvang is.

5.1.4.3 Besluit: Goedgekeur met opdrag aan die SkrIba.

5.1.5 Belastingvrystelling (pt 5.1.5)

5.1.5.1 Die DA gee terugvoer oor die vordering met die proses en rapporteer dat gemeentes terugvoer ontvang. Die Sinodale kantoor gee hulp waar nodig, maar tans word geen probleme ondervind nie.

5.1.5.2 Besluit: Kennis geneem.

5.1.6 Patmos (pt 5.1.6)

5.1.6.1 Verslag van gesprek tussen die moderatuurslede en die leraars van Patmos Bylaag V en V.1

Die moderatuur gee terugvoer oor die ontmoeting met di Theuns Pienaar, Snr en Jnr, van die NG Kerk Patmos. Die vergadering neem kennis van die verslag (Bylaag V) wat deur die moderatuur opgestel is. Die Bylaag word uitgebrei deur 'n pt 4.4 by te voeg wat die leraars van Patmos se reaksie verder omskryf en as volg lui: "Die verband moet nie huiwer om tug teen Patmos toe te pas en die gemeente te ekskommunikeer nie."

5.1.6.2 Kommentaar van Patmos op Verslag A2.6.2 van die Sinode van Oos-Kaapland 2003

5.1.6.2.1 Die SK Dagbestuur neem kennis van die kommentaar op Verslag A2.6.2 van die Sinode van Oos-Kaapland 2003, wat ontvang is van die Leraars en Raad van Patmos.

5.1.6.2.2 Die Dagbestuur wys die Leraars en Raad op artikel 23 van die Kerkorde van Oos-Kaapland 2003 (p24) wat verskillende opsies uitspel vir die hantering van besluite van 'n Sinodale vergadering.

5.1.6.2.3 Die Dagbestuur beveel aan by die Kerkraad van Patmos dat hulle een van die opsies kies vir die hantering van hulle kommentaar, bv. revisie en/of appel en/of gravamen/ beswaarskrif, en/of beskrywingspunt.

5.1.6.2.4 Die SK vergader 13 Mei 2004 en om die saak te bespoedig, sou SK-Dagbestuur graag teen 30 April 2004 van Patmos wou verneem.

5.1.6.3 Ontmoeting met die Kerkraad van Patmos

5.1.6.3.1 Agtergrond: Na aanleiding van die Sinodale besluit (F5.2 Punt 3.2 wat lui: "Die Sinode dra dit aan die nuwe Sinodale Kommissie op om weer met die gemeente in gesprek te tree en indien moontlik die Kerkraad te oorreed om ten volle by die kerkverband in te skakel."), het die SK die moderatuur afgevaardig om met die Kerkraad van Patmos in gesprek te tree. 'n Voorbereidende gesprek het plaasgevind op 14 April 2004 tussen die moderatuur en die leraars van Patmos.

5.1.6.3.2 Besluit:

1. Die moderatuur tree met die Kerkraad van Patmos in gesprek deur 'n ontmoeting met hulle te reël oor die volgende:
1.1 om die Kerkraad van Patmos te versoek om ten volle by die kerkverband in te skakel. Dit sluit onder andere in:
1.1.1 inskakeling by die Ring (vgl. KO art. 27.5 p. 32)
1.1.2 inskakeling by die Sinode (vgl. KO art. 27.6 sowel as art. 29 tot 31 en 32 tot 35, p.32)
1.1.3 inskakeling by die pensioenfonds volgens die relevante reglemente van die pensioenfonds (vgl. KO art 13.2.6 op p. 18 en 14.4 op p. 20.)
2. Die Skriba reël die ontmoeting.

5.1.7 Petisie Son (pt 5.1.7)

5.1.7.1 Besluit: Die saak staan oor totdat dr Cloete of prof Naudé terugvoer kan gee.

5.1.8 Skrywe Ring van Cradock: Aanpassing van die Kerkorde (pt 5.1.10)

Die saak is na die DL Leer en Aktuele Sake en DL Gemeentebediening verwys.

5.1.8.1 Besluit: Die saak staan oor.

5.1.9 Uitnodiging: Emeriti-Vereniging (pt 5.1.11)

5.1.9.1 Besluit: Staan oor. Enkele lede van die Emeriti-vereniging sal na die Dagbestuurs-vergadering van Augustus 2004 genooi word.

5.1.10 Frekwensie van sinodale vergaderings (pt 5.1.12)

5.1.10.1 Besluit: Die saak staan oor hangende die Algemene Sinode se besluit in hierdie verband later hierdie jaar.

5.1.11 Prinsipiële Verwysingsraamwerk vir Deskundige Lede (pt 5.1.13)

5.1.11.1 Besluit: Die saak staan oor. Die moderatuur sal die insette verwerk om 'n geordende verwysingsraamwerk vir die deskundige lede te formuleer (vergelyk SK-Dagbestuur 2003.11.13 pt 6.2)

5.1.12 Vigsforum: NG Kerk (pt 5.1.14)

5.1.12.1 Besluit: Die saak staan oor aangesien die DL Barmhartigheid nie teenwoordig kon wees nie.

5.1.13 Sinodale Werkswinkel (pt 5.1.15)

5.1.13.1 Die vergadering ontvang terugvoer oor die werkswinkel en die volgende opmerkings of voorstelle word gemaak :

1. Die vorm van die werkswinkel was baie goed. Daar was genoeg tyd vir ontspanning en ander aktiwiteite.Die inhoud en die benadering van die lesings kan egter varieer. Die werkswinkel kom nou al te lank op dieselfde trant.

2. Daar was 'n gebrek aan sinvolle evaluering.

3. Die VTO- kursusse moet dalk weer meer klem kry.

4. Die werkswinkel kan onder B-Net ressorteer en kan dan deel uitmaak van 'n totale pakket.

5. Daar word gevra dat daar beter koördinering moet wees met dit wat in ander dele van die sinodale gebied aangebied word.

6. Die behoefte aan 'n retraite kan binne ringsverband aangespreek word.

5.1.13.2 Besluit : Die Sinodale werkswinkel sal voortgaan en sal deurgaan as begeleiding deur B-Net.

5.1.14 Vorm A (pt 19.4)

5.1.14.1 Besluit : Die saak staan oor en word verwys na die moderatuur.

5.1.15 Hulp aan die kerk in Zimbabwe (pt 5.2.1)

5.1.15.1 Die DA rapporteer dat minder as die helfte van die gemeentes in die Oos-Kaap hierdie kollekte opgeneem het. Die bedrag van R21,514 is reeds oorbetaal.

5.1.15.2 Die Skriba word gevra om weer gemeentes aan te moedig om hierdie kollekte op te neem en die saak op te volg sodat ons die ideaal van R60,000 kan haal.

5.1.15.3 Die geld word oorbetaal soos dit ontvang word.

5.1.16 Kleingroepbespreking (pt 5.2.2)

Die SK het na aanleiding van 'n kleingroep-bespreking tydens sy vergadering van 2003.11.27 die volgende besluit geneem:

Pte 11.2.1 en 11.2.2 word as aanvullende sake na die SK-Dagbestuur verwys sodat dit op 'n sinvolle wyse in die beplanning opgeneem kan word, met verslag aan die SK.

Die SK-Dagbestuur het hierdie saak op 2003.02.05 verbind met die opstel van die prinsipiële verwysingsraamwerk vir Deskundige Lede (verwys pt 5.1.13 van die notule)

5.1.16.1 Besluit : Die saak staan oor en word verwys na die moderatuur.

5.1.17 Laat Projekaansoeke voor 1 Maart 2004 (pte 5.2.3 en 15.)

5.1.17.1 Die DA doen verslag dat die twee ringe wel positief gereageer het. Hulle aansoeke is goedgekeur en die saak is afgehandel.

5.1.18 Reëling rondom Gemeentedankoffers (5.2.5)

5.1.18.1 Die DA rapporteer dat 'n brief in hierdie verband na die gemeentes uitgestuur is en dat die nodige reaksie ontvang is. Die saak is dus afgehandel.

5.1.19 Tienerbedieningswerkswinkel (pt 10.1) Bylaag B

5.1.19.1 Daar word met dank kennis geneem van pte 1 tot 5 van die verslag (Bylaag B).

5.1.19.2 Daar word gevra dat daar na elke projek 'n verslag ingedien word by dr Viljoen. Die sinodale kantoor sal 'n kompilasie saamstel met nuttige inligting.

5.1.19.3 Besluit : Goedgekeur.

5.1.20 Sinodale Verband (pt 12.1.6.1)

5.1.20.1 Besluit : Saak staan oor.

5.1.21 Colloquium Doctum: Mnr Vernon Johan Louw (pt 17.2)

5.1.21.1 Die saak word bespreek. Daar word gerapporteer dat die finale verslag van die ring nie betyds ontvang is om voor die vergadering te dien nie.

5.1.21.2 Besluit : Mnr Vernon Louw word

finaal uitgenooi vir 'n onderhoud na die vergadering van die SK wat sal plaasvind op 13 Mei 2004. Die verantwoordelike ring word versoek om hul verslag betyds in te dien by die Skriba vir opname in bg vergadering se sakelys.

5.1.22 Inligting CD (pt 18.2)

5.1.22.1 Die Ad Hoc Kommissie (Van Heerden, Mouton, Viljoen) doen verslag dat daar eers korreksies gemaak moet word in die Kerkorde voordat die saak afgehandel kan word.

5.1.22.2 Besluit : Die saak staan oor.

5.1.23 Pensioenbydrae ds T Pienaar (jnr) (pt 18.3)

5.1.23.1 Die Ad Hoc Kommissie (Viljoen, Du Toit, Van Heerden) doen verslag. Na onsuksesvolle pogings om die samewerking van Patmos tov ds T Pienaar (jnr) se inskakeling by die NGK se pensioenfonds te kry, het die pensioenkantoor in die Wes-Kaap nie 'n ander keuse gehad as om Patmos amptelik aan te kla by die Registrateur van Pensioenfondse nie.

5.1.23.2 Besluit: Die vergadering neem kennis. Die DA onderneem om 'n afskrif van die brief van die pensioenkantoor in die Wes-Kaap waarop die DA aantekeninge van sy telefoniese gesprek in dié verband met Patmos gemaak het, aan Patmos te stuur. Daarmee is die saak afgehandel, aangesien die pensioenfonds dit verder sal hanteer.

6. BEGELEIDINGSNETWERK

6.1 Pamflet Bylaag C

6.1.1 Besluit : Daar word kennis geneem van die pamflet (Bylaag C)

6.2 Gemeente Dienste Netwerk

6.2.1 Ds Barnard Steyn doen verslag en sê dat daar gepoog word om ooreenkomste te sluit tussen almal wat oor die land hierdie dienste lewer. Hulle dink daaraan om gesamentlike forums te reël, soos 'n tydskrif.
Hulle wil ook 'n buro stig wat virtueel is, gekoppel is aan Bybel-Media en wat 'n internetgebaseerde dienstenetwerk kan wees.

6.2.2 Besluit : Die SK Dagbestuur wil hê dat ons affilieer en by GDN inskakel. Ds B Steyn sal namens B-Net die skrywe rig.

6.3 Teologiese Dag

6.3.1 Daar word 'n Teologiese Dag beplan vir 8 of 9 Oktober, net voor die aanvang van die Algemene Sinode se sitting. Prof Adrio König sal die spreker wees. Die onderwerp sal handel oor vernuwing - persoonlik, teologies en gemeentelik.

6.3.2 Besluit : Die verdere beplanning word verwys na B Net, met die versoek dat dit eerder in PE gehou sal word.

6.4 Opleiding

6.4.1 Daar word fasiliteringsopleiding beplan vir 23 tot 26 Augustus wat bestaande en nuwe fasiliteerders sal insluit.

6.4.2 Besluit: Kennis geneem.

6.5 Positiewe ouerskap Bylaag D

6.5.1 Besluit : Kennis geneem van Bylaag D.

6.6 Beroepsontwikkeling

6.6.1 Besluit: Daar word gevra dat hierdie saak in die OosKaap eNuus geadverteer moet word. Ds Barnard Steyn sal met die Skriba daaroor skakel.

7. DIENS VAN BARMHARTIGHEID

7.1 Aansoek om finansiële hulp: Piet Marais Bylaag E

7.1.1 Besluit: Neem kennis. Die fondse uit die PJJS Lateganfonds is reeds toegeken vir hierdie jaar.

Daar kan egter gedurende Okt of Nov 2004 aansoek gedoen word vir 'n toekenning vir volgende jaar. Die Skriba word versoek om op hierdie aansoek te antwoord.

7.2 Verslag DL Barmhartigheid Bylaag U

7.2.1 Besluit : Kennis geneem van Bylaag U.

8. GEMEENTEBEDIENING

Geen verslag.

9. GETUIENIS

Geen verslag.

10. JEUG

Geen verslag.

11. KOMMUNIKASIE

11.1 Verslag oor Kommunikasie Bylaag F

11.1.1 Besluit : Neem kennis met groot dank. Daar word gevra dat die 14 gemeentes vir wie die Skriba nog nie e-pos adresse het nie, weer gekontak word in hierdie verband.

11.2 Acrobat PDF-dokumente

11.2.1 Sommige persone het probleme om die e-pos in PDF-formaat oop te maak. Die betrokke persone kan self met die Skriba daaroor skakel. Die program waarmee Acrobat PDF-dokumente gelees kan word, word gratis van die Internet afgelaai.

12. LEER EN AKTUELE SAKE

Geen verslag.

13. NETWERK VIR NAVORSING

13.1 Verslag van Projekbestuurder NN Bylaag R

13.1.1 Besluit : Neem kennis van pte 1 tot 5 van Bylaag R.

14. VROUELIDMATE

14.1 d-tox@Cradock

14.1.1 Mev L Steyn rapporteer dat 20 dames die geleentheid gaan bywoon. Dit beloof om 'n verrykende ervaring te wees. Die inligting het egter nie betyds by almal uitgekom nie. Dit kan wees as gevolg van e-pos wat nie oral beskikbaar is nie, of dat sommige gemeentes se skribas nie die inligting aan die leraar se vrou deurgegee het nie.

15. PROJEKAANSOEKE

15.1 Befondsingskedule Ringsprojekte Bylaag S

15.1.1 Besluit : Neem kennis. 'n Ad Hoc kommissie (DA en ds CH van Heerden) word aangewys om te besin oor projekgelde wat nie alles deur ringe gebruik word vir die projek waarvoor dit aangevra is nie. Hulle moet 'n voorlegging maak aan die SK by sy vergadering op 13 Mei 2004.

16. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

16.1 Samestelling van Beleggings soos op 31 Maart 2004 Bylaag G

16.1.1 Besluit:
Daar word kennis geneem van die verslag (Bylaag G) en die volgende aanbevelings word goedgekeur:

16.1.1.1 Die vergadering neem kennis dat die fondse in opdrag van die Sinode by verskeie beleggingshuise geplaas is.

16.1.1.2 Die vergadering neem kennis van die totaal en verspreiding van die beleggings.

16.1.1.3 Die vergadering neem kennis van die beleggingsplan in bylaag G1 en gee opdrag aan 'n Ad Hoc kommissie (DA en ds CH van Heerden) om dit met kundiges te bespreek met volmag om daarna te handel.

16.2 Internet Bankdienste Bylaag H

16.2.1 Besluit : Goedgekeur.

17. KORRESPONDENSIE

17.1 Skakeling met die media Bylaag I

17.1.1 Besluit : Neem kennis van die skrywe . Die SK gee aandag aan die skep van verhoudinge met openbare figure asook die media.

17.2 Databank van Kundigheid Bylaag J

17.2.1 Besluit : Neem kennis van die Bylaag.

17.3 Bedryf van Besighede deur gemeentes

17.3.1 Besluit: Neem kennis van bylaag K en K1

17.4 Verslag Moderamen Algemene Sinode 7 Februarie 2004 Bylaag L

17.4.1 Besluit: Na bespreking neem die vergadering kennis van die verslag.

17.5 Kommentaar Struktuur Algemene Sinode Bylaag M; M1; M2; M3

17.5.1 Besluit : Na bespreking neem die vergadering kennis van bylae M, M1, M2 en M3.

18. ANDER SAKE

18.1 Versoek Voorsitter ASK

18.1.1 Dr Coenie Burger, voorsitter van die ASK, versoek dat daar in ons sinodale gebied 'n ontmoeting gereël moet word met 'n aantal meningsvormende lidmate . Die gesprek kan rondom 'n geborgde ete plaasvind.

18.1.2 Besluit: Die vergadering ondersteun die beginsel van so 'n ontmoeting en vaardig 'n ad hoc kommissie, bestaande uit die Skriba (sameroeper), ds CH van Heerden, ds M van Niekerk en dr JH Viljoen, af om so 'n ete te reël met ongeveer 50 gaste wat dit kan bywoon.

18.2 Moderatorskonferensie Bylaag N

18.2.1 Die vergadering bespreek die versoek van die SK-Voorsitter rakende reiskoste na die moderatuurskonferensie

18.2.2 Besluit:

18.2.2.1 Die reiskoste vir die moderatuurs-konferensie asook vir die bywoon van 'n her-denkingsbyeenkoms van die VGK te Oos-Londen, word betaal uit die begroting van reiskoste vir Ekumene.

18.2.2.2 Die saak word ook na die moderatuur verwys vir die formulering van 'n voorstel vir volgende jaar se begroting.

18.3 Konvent vir Eenheid Bylaag P

18.3.1 Besluit : Neem kennis van pte 1 tot 8 van die Notule van die Uitvoerende Komitee van die Konvent vir Eenheid: Kaapland.

18.4 Transformasie Nelson Mandela Baai Bylaag O

18.4.1 Besluit : Neem kennis van die skrywes en onderneem om Bylaag O via die Sinodale Kantoor deur te gee na al die plaaslike gemeentes.

18.5 Jaarboekgegewens Bylaag Q

18.5.1 Besluit : Die saak word na die Sinodale kantoor deurgegee vir optrede.

18.6 Afvaardiging na die Algemene Sinode 2004

18.6.1 Weens die vervroeging van die Alg Sin se sitting, is daar in die huidige begroting van die Sinode van Oos-Kaapland net R60,000 beskikbaar om ons afvaardiging mee te befonds in plaas van die R120 000 wat benodig word.

18.6.2 Besluit: Na bespreking word die saak verwys na 'n ad hoc kommissie , bestaande uit die DA , ds CH van Heerden en dr S du Toit, wat verslag sal doen aan die SK by sy vergadering van 13 Mei.

18.7 Volgende SK vergadering.

18.7.1 Besluit: Die volgende SK vergadering sal gehou word op 13 Mei 2004 te Graaff-Reinet of Cradock-Oos.

19. AFSLUITING

Ds JH van Niekerk sluit af met gebed.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die SK-Dagbestuursvergadering van:

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: